Cobalt Oplossings
Vir Besigheids Eienaars

Sanlam

Wat is ’n “Los” Werker?

Vraag: Bestaan die konsep van ’n “los” werker steeds?

Antwoord: Nee, daar is geen verwysing in ons arbeidswetgewing na die konsep van ’n ‘los’ werker nie.

Kort verduideliking: Die ou Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBD) van 1983 het na diegene wat vir drie dae of minder per week werk, as ‘los’ werkers verwys. Hulle het nie dieselfde regte en beskerming as ander werknemers geniet nie. Na die inwerkingtreding van die WBD van 1997, het die konsep van los werk in hierdie sin egter weggeval. Enigeen wat meer as 24 uur per maand in diens is, is geregtig op die regte en beskermings ten opsigte van werkstyd, verlof, ensovoorts wat deur die WBD van 1997 verleen word (soos versterk of gewysig deur Sektorale Vasstellings of Bedingingsraad-ooreenkomste in sekere bedryfsektore). Wat dus van werknemers wat minder as 24 uur per maand werk? Daar kan dalk steeds na sodanige werknemers in ’n breë sin as los werkers verwys word, maar hulle bly steeds volwaardige werknemers wanneer dit gaan oor die regte en beskermings wat deur sekere ander arbeidswetgewing, soos die Wet op Arbeidsverhoudinge en die Wet op Diensbillikheid, verleen word.

Artikel geskryf deur Jan Truter van www.labourwise.co.za